Die profiel van 'n kerkplanter?

Braam Hanekom

Braam is leraar in die NG Gemeente Stellenberg en vir 3 jaar deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland gekontrakteer om met Nuwe Gemeente-Ontwikkeling behulpsaam te wees.

Kerkplanting, oftewel Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO), staan in die brandpunt. Twee eenvoudige redes moet hiervoor genoem word.

In die eerste plek is die kerk en gemeentes in die besonder, besig om hulle **apostoliese en missionêre opdrag** te herontdek. Dit het onder meer tot die besef gelei dat iets soos evangelisasie nie maar net op `n kommissie afgeskuif kan word nie, maar tot die **wese van die gemeente** behoort. Op die vraag hoe dit moet gebeur, kom die antwoorde moeiliker in ons dag. Tog begin daar konsensus groei dat *kerkplanting* een van die mees suksesvolle wyses van evangelisasie is.

Meer as enige iets anders word die sukses van nuwe inisiatiewe bepaal deur die leierskap wat die nuwe inisiatief dryf.

In die tweede plek leef die kerk te midde van **groot verandering**. Stephen Covey noem verandering die enigste konstante van ons dag! Die vraag is of die kerk teen die spoed waarteen die wêreld verander, kan bly verander om steeds relevant te bly? Hieroor twyfel baie. Eerstens moet natuurlik gewaak word dat die kerk nie haar ewige waarhede in die proses prysgee nie, en in die tweede plek word die vraag ernstig gevra of die kerk as organisasie met al die sosiale en kulturele kragte wat daarin werksaam is, haarself nie sal vernietig deur so aanmekaar te verander nie?

Wat sou dan die antwoord wees? Wel, eenvoudig: As jy nie die moederkerk kan verander nie, *hoop jy dat sy gesond genoeg sal wees om baie nuwe klein dogtertjies in die wêreld te bring*. In die proses kan jy aan al die genoemde uitdagings aandag gee. Dit klink eenvoudig, maar is ongelukkig vir baie in die dae nog te veel van `n bedreiging.

Maar, kom ons kom terug na die saak van kerkplanting. Daar is die afgelope jare – ook in gereformeerde kringe - heelwat navorsing hieroor gedoen. Wat sou die sukses van nuwe inisiatiewe bepaal? Verskeie is geïdentifiseer, maar een faktor kom elke keer weer en weer na vore. Meer as enige iets anders word die sukses van nuwe inisiatiewe bepaal deur die **leierskap** wat die nuwe inisiatief dryf. Prof Stan Wood van die *Columbia Theological Seminary* in Atlanta, is lank reeds met navorsing hieroor gemoeid en het Suid-Afrika onlangs besoek. Van hul belangrikste bevindinge in die verband is hier oorgedra. Die vereistes is in drie kategorieë gelys en sou gelees kon word as "sirkels" van belangrikheid.

Die eerste sirkel raak sake soos entrepreneurskap en innovasie, `n diep verhouding met God en visie. Die tweede sirkel fokus op bepaalde interpersoonlike vaardighede en liefde en sensitiwiteit vir mense en die derde sirkel fokus op die

leier se aanpasbaarheid ten opsigte van sy of haar leierskapstyl, veral as die gemeente begin vestig en groei. By die deurlees daarvan het ek nogal by myself gedink dat alle gemeentepredikante sekerlik sou kon baat by hierdie kwaliteite. Wood onderstreep egter die feit dat jy vir moeilikheid tender wanneer jy begin kerkplant sonder mense wat bepaalde kwaliteite in genoemde areas het. Die volledige lys vereistes sou ons soos volg kon saamvat:

Eerste kategorie vereistes

1. **Dinamiese innoveerders**
   - *Aanpasbaar*
   - *Volharding/Deursettingsvermoë*
   - *"Charismatiese" leiers*
   - *Waagmoed*
   - *Inisieerders*
2. **`n Lewende geloof in God**
   - *Intimiteit met God*
   - *Persoonlike verhouding met Jesus Christus*
   - *Kragtige gebedslewe*
3. **Visiedraer**
   - *Die vermoë om te motiveer en te inspireer*
   - *Die vermoë om jou passie vir die kerk te artikuleer*
   - *Die vermoë om jou visie te belyn met kernwaardes*

Tweede kategorie vereistes

1. **Bemagtigende leierskap**
2. **Passie vir Evangelisasie**
3. **Passie vir mense**
4. **Inspirerende prediker en aanbiddingsvaardighede**
5. **Persoonlike – ook emosionele – gesondheid**

Derde kategorie vereistes

1. **Die vermoë om jou leierskapstyl te kan aanpas en verander**
2. **Om jou styl te kan aanpas soos wat die grootte van die gemeente verander**
3. **Om met personeel te kan werk**
4. **Om lekewerkers te kan oplei**
5. **Om spanne te kan bou**
6. **Om die veranderinge wat in jou gemeente plaasvind, te kan raaksien en vroegtydig die nodige aanpassings te kan maak.**

Kerkplanting is iets wat binne gereformeerde kringe in Suid-Afrika weer herontdek moet word. As ons na ons eie konteks kyk, moet bogenoemde heelhartig ondersteun word, maar dalk moet een of twee kwalifikasies ook bygevoeg word.

1. **Die vermoë om die saak teologies te fundeer en dit voortdurend met goeie teologiese begronding binne die kerk te "verkoop".**
2. **Die vermoë om met liefde, passie en die nodige sensitiwiteit ook kruiskultureel te kan funksioneer.**
3. **Die vermoë om met geduld die gevestigde ordes en belange binne die moederkerk te verstaan en te hanteer.**
4. **Die vermoë om `n weg om en te midde van gemeentegrense te vind.**
5. **Die vermoë om `n fondswerwer by uitnemendheid te wees.**

Skrik dit alles jou af? Maak dit jou bang? As jy `n huis wil bou gaan sit jy tog eers en bereken die koste. Met NGO is dit nie anders nie. Dit is dalk juis van toepassing. Tog glo ons dat die Here vars en nuwe stories in ons land wil skryf. Talle is reeds besig om gestalte aan te neem. Dalk voel jy tog dat jy die hand van die Here in die verband op jou skouer voel rus. Indien wel, kontak ons gerus by braam@kaapkerk.co.za